PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# RHS KULTUUR KRAAI KONING



Die RHS koor het die leerders vermaak met ‘n bobaas vertoning.




Van links: RHS waarnemende hoof Danie Greyling, Solidariteit Beroepsgilde hoof Hennie Bierman en Solidariteit Jeug hoof Paul Maritz.

**Rustenburg** – Solidariteit Jeug het vanjaar in samewerking met Solidariteit se Beroepsgilde vir Kunste besluit om ‘n toekenning aan ‘n hoërskool te maak wat die beste op die gebied van kunste presteer.

RHS het op Maandag 7 Oktober ‘n tjek ontvang vir hul toegewydheid tot die kultuur en kunste.

**Die kriteria vir die toekenning was as volg:**

- Prestasie in plaaslike, provinsiale en nasionale kunstekompetisies.
- Aanbieding van kunstekompetisies.
- Prestasie in Afrikaans.
- Kunste teenwoordigheid op sosiale media-platforms.

RHS is ‘n toegewyde kultuurskool waar kwaliteit geleenthede geskep word vir elke kind wat wil. Hulle beywer hulself daarvoor om talent by individue te ontdek en te slyp tot wasdom.

Die skool se kultuurraad van Graad nege tot 12 word opgelei in belangrike leierskapsfunksies soos om inisiatief te neem en kreatiewe lewe te gee aan ou konsepte. Hulle leer om te beplan en te organiseer en uit te voer tot voordeel van die skool en sy leerders.

Verskeie toegewyde en talentvolle onderwysers is deel van die kultuurspan wat leerders toerus met die nodige vaardighede... en dis waarom RHS ‘n gerekende kultuurskool en trotse baken vir die kunste is.

Solidariteit Jeug hoof Paul Maritz het die skool geprys vir hul toegewydheid om kultuur te bevorder. Juffrou Elmarie Geldenhuys het ook ‘n toekenning ontvang vir haar bydrae tot die skool se kultuur.

AfriForum het ook twee Peperbasbome, ‘n bedreigde boomspesie, aan die skool oorhandig om in hul arboretum te plant.

## RUGBY WÊRELDBEKER 2019

**SA vs Italië**

Die Bokke het gedoen wat Rassie van hulle gevra het en klop die Italianers gemaklik 43-3. Die Bok-vories was net één te veel vir hulle teenstanders en het ‘n goeie platvorm geskep vir die *backs* om te kan baljaar.

Cheslin Kolbe was weereens die angel in die bokke se aanval en word nie verniet as een van die bestes tot dusver in die toernooi erken nie.

**SA vs Kanada**

Die Bokke was eenvoudig net een te veel vir die Kanadese manne in die eerste helfte en wen 66-7. Die hoogtepunt van die *game* was die rekord wat Cobus Reinach opgestel het. Dié blits is die eerste speler ooit in ‘n Wêreldbeker-toernooi wat drie drieë in tien minute aangeteken het. Hy het getoon dat hy moeilik uit die beginspan gehou gaan word as skrummie. Die Bokke kwalifiseer dan vir ‘n kwart-eind *game*.

**Ander uitslae:**

Australië 45 - 10 Uruguay
Engeland 39 - 10 Argentinië
Japan 38 - 19 Samoa
NZ 71 - 9 Namibië
Frankryk 23 - 20 Tonga

** Frankryk en Engeland spook dit uit om te bepaal wie eerste in Groep C gaan eindig. Die ander belangrike *game* is Japan teen Skotland in Groep A die Sondag.

**Nag ou groenie...**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

## PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Pop vs Rap, Corlea en Snotkop | 11 Oct '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Three-day karate display | 11-13 Oct '19 | RTB: The Ben Marais Hall | 082-463-1073 | tskkia@gmail.com |
| Lebone Parkrun | 12 Oct '19 | RTB: Lebone II, College of the Royal Bafokeng | 014-566-1510 | lebonehelpers@parkrun.com |
| Boma Braai - Feast Under The Stars | 12 Oct '19 | RTB: Kedar Lodge | 011-950-6054 | marketing@rali.co.za |
| Radio Kalahari Orkes | 12 Oct '19 | RTB: Die Tarentaal Teater | 072-442-2781 | alta@tarentaalteater.co.za |
| North West Womens Mixed Foursomes Golf Day | 13 Oct '19 | RTB: Rustenbrug Golf Club | 014-597-1814 | marketing@rtbgolfclub.co.za |
| Photographic Society monthly meeting | 16 Oct'19 | RTB: NG Proteapark | 082-451-2999 | ngppark@mweb.co.za |
| Bosman weekend | 18-20 Oct '19 | Groot Marico | 083-272-2958 | info@marico.co.za |